



## Mind Moves® maak my slim en help my om maatjies te maak

Annaliza Mentz

Die laaste week van September, net voor die skole vir die 3de kwartaal gesluit het, het Rina\* my kom sien om te hoor of ons Tania\* (haar kleindogter) kan inneem om te help aangesien sy sover elke kwartaal druipe. Die skool het hulle na my verwys.

Rina het my die hele verhaal van Tania vertel en het ek onmiddellik beseef dat Tania se swak vordering en werkverrigtinge absoluut die SOS seïne wys dat sy vanweë haar emosionele gebreke nie optimaal kan funksioneer nie. (Die redes daarvoor is persoonlike omstandighede.)

Op versoek van die skool het Tania 3-4 middae per week na my gekom vir Mind Moves. Binne die eerste twee weke was dit opmerklik dat Tania emosioneel baie beter gefunksioneer het, maar toe het sy weer 'n terugslag gehad. Haar ouma het bevestig dat vanweë die feit dat sy soms laat werk, sy vergeet het of nie daarby uitgekome het, om die Mind Moves, soos ons gewys het, met Tania te doen nie.

Op hierdie stadium het ons haar juffrou betrek, wie elke dag die Mind Moves Massering, Antennaversteller, Homolaterale- en Bilaterale mars asook die Helderwakker met haar gedoen het. Ek sou dan in die middae, net voor ouma laat weet sy kom haar haal, dit weer met haar herhaal - spesifiek die Mind Moves Massering.

*Annaliza*

*Ek wil baie dankie sê dat jy bereid was om Tania te help.*

*Baie dankie vir die moeite wat julle met haar gedoen het. Van sy by jou is en die juffrou ook die Mind Moves met haar doen, was daar net 'n verandering in haar. Sy was nie meer so teruggetrokke nie en skool was meeste dae vir haar lekker. Sy het nie meer oor alles gehuil nie en dit was vir my makliker om haar te hanteer.*

*Dankie vir die oefeninge wat jy gedoen het wanneer ouma vergeet het, of net te moeg was om daarby uit te kom. Ek en oupa kon werklik die verskil in haar sien, sy was baie meer rustig en emosioneel en op 'n baie beter plek as vroeër. Dit is vir ons die grootste geskenk.*

*Ek wil ook dankie sê dat jy altyd eerlik is en nie doekies omdraai nie. Vir die eerste keer het ons hoop vir Tania, al weet ons dit gaan tyd neem. Dit is vir ons duidelik dat sy veilig voel by jou en juffrou, en julle vertrou, wat vir ons op hierdie stadium baie belangrik is.*

*Sy is baie opgewonde om volgende jaar elke dag na skool na jou toe te kom en saam julle die oefeninge te doen - waarby ouma nie uitkom nie. Sy sê sy dink die oefeninge maak haar slim want sy het baie beter onthou en gewerk.*

*Ouma Rina*

Vir my was dit weereens verstommend om te sien watter positiewe uitwerking Mind Moves op een kind se lewe kan hê en voel ek ongelooflik bevoorreg om deel daarvan te kon wees. Sien hoe haar 2e selfskets, 2 maande later, ook positiewiteit uitstraal.

Tania sal vanaf 2017 voltyds na skool, by die naskoolsentrum betrokke raak waar ons haar sal monitor en van die begin af sal help. Sy het 'n engel van 'n juffrou vir 2017 en glo ek dat ons as 'n span saam met Mind Moves, nog 'n groter verskil in Tania se lewe sal maak. Juffrou het hierdie terugvoer gestuur:



Beste Annaliza

Ek val sommer met die deur in die huis en sê graag dankie vir jou bereidwilligheid en entoesiasme om Tania gedurende die vierde kwartaal te kon help.

Tania het voorwaar ongelooflik gevorder en ontpop. Ek glo die spanpoging tussen my in die klaskamer en jou het werklik 'n verskil in haar lewe gemaak.

Binne twee weke vandat ek die Mind Moves Massering met haar begin doen het, kon ek 'n werklike verskil in haar sien. Haar werk het nie soseer verbeter as wat haar eie selfwaarde en selfbeeld verbeter het nie. Sy het pouses en selfs in klastyd meer begin uitreik na maatjies en selfs 'n glimlaggie op haar gesiggie gehad. As ek mag, moet ek sê Mind Moves het haar emosioneel meer gehelp en as gevolg daarvan was daar vir my 'n verbetering in haar werkvermoë.

Aanvanklik het sy nie haarself 'n drukkie gegee nie en was haar handjies in vui-

sies saamgeklem. Soos die weke gevorder het, was dit opmerklik dat sy meer en meer haarself omvou en druk. Ek glo werklik dat die Mind Moves Massering, wat ek elke dag in die klas met haar gedoen het, hierdie positiewe uitwerking gehad het.

Ons het as klas elke dag die Homolaterale en Bilaterale Mars gedoen en lekker in die klas geleer om ons oortjies te vryf.

Dit het op 'n stadium gelyk of iemand klein Tania se geheueknoppie aangeskakel het. Waar sy aanvanklik tussen 0-2 vir haar weeklikse spel en wiskunde assessering gekry het, het sy nou 4 gekry en selfs in een van die toetsies 'n 5 vir spel en 6 vir Wiskunde gekry. Ek wens jy kon die glimlaggie op haar gesiggie sien.

**Ek wens dat sy vroeër by jou kon uitkom, dan het ek ook beter geweet om haar te help. Mind Moves in my klas het nie net haar positief beïnvloed nie, maar ook 'n positiewe impak op baie ander maatjies in haar klas gehad.**

Soos jy weet het Tania nie een van die eerste drie kwartale deurgekom nie en was haar vordering en terugvoer in assesserings baie swak. Ten spyte van haar goeie vordering gedurende die vierde kwartaal was ons aanbeveling dat sy die jaar teruggehou word. Aanvanklik was haar ouma, wie na haar omsien, nie baie gelukkig met die aanbeveling nie, maar na ek en die hoof met haar gepraat het, glo ek dat sy die waarde daarvan insien dat ons Tania se fondasie sterker moet maak, ten einde te verseker dat sy in die hoër grade beter kan doen.

Ek het verstaan dat sy vanaf 2017 voltyds in die middag na jou sal kom. Ek glo dit sal 'n positiewe impak op haar hê as ons as span dan van die begin af saamwerk om die beste vir haar te doen. Dit is so dat sy baie struikelblokke het om te oorkom, maar met die vordering wat sy getoon het na ons die Mind Moves begin doen het, is ek baie opgewonde.

Weereens baie dankie vir jou onbaatsugtige hulp hierin en ek kan met oorgawe getuig dat Mind Moves 'n verskil maak. Groete, Juffrou.

[Annaliza Mentz](#)

Gevorderde Mind Moves Instruksent, Ermelo

\*Skuilnaam